# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**



**WhatsApp:** 067 713 2332  **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers  **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 10 September 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Ons kom vandag by die laaste preek in hierdie reeks oor die Heilige Gees. Ons eerste preek was uit Johannes 15 waar ons gehoor het dat God (die Boer) vir Hom 'n Wingerd (Christus) geplant het en dat ons die lote aan daardie wingerd is. God wil dat ons **baie vrug** vir Hom moet dra!

Wanneer Paulus dan in Gal. 5: 23 klaar oor die vrug van die Gees gepraat het, eggo hy dieselfde waarheid met die volgende woorde: "Teen sulke dinge het die wet niks nie!". 'n Vreemde uitspraak, nie waar nie? Ek is seker baie min mense dink na oor hierdie woorde en die betekenis daarvan. Ons lees dit so maklik mis!

Maar net totdat jy verstaan wat Paulus regtig met dié woorde bedoel! Dan ruk dit jou tot stilstand en laat jou diep nadink oor die wyse waarop jy hierdie vrug van die Gees in jou lewe dra! Met hierdie woorde verwys Paulus daarna dat God jou laat deel in die volle oorvloed van wat Christus vir jou verwerf het en die oordadige oorvloed wat die Gees in jou wil werk!

Die vraag is nou: in hoe 'n mate dra ek en jy die vrug van die Gees in ons lewe? Maar net so dat dit genoeg is? Net so dat dit darem blyk dat ek 'n gelowige is? Net so dat ek uit die moeilikheid kan bly? Net so dat God en die kerk tevrede kan bly? Of wil ek in volle blom vir my Vader leef? Is dit my begeerte om baie vrug vir my Vader te dra? Is ek so oorweldig deur Sy oorvloed, dat ek my vrug in oorvloed dra? Wil ek God 'n bietjie eer of baie eer?

**Tema: Dra die vrug van die Gees in volle oorvloed soos God dit vir jou gee!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Sb. 1 - 6: 1, 2, 3 en Lied 200: 1, 3

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb. 14 - 6: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 92 - 1: 1, 6, 7; Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Sing Sb 13 - 2 (amen).

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Markus 12: 28 - 34; Sing Ps. 23 - 2: 1, 3; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Sing: Ps. 19 - 1: 5
Skriflesing: Galasiërs 4: 21 - 5: 1 /
Galasiërs 5: 22 - 23 /
Filippense 3: 7 - 14
2 Petrus 3: 10 - 14
Teksverse: Galasiërs 5: 23
Sing Sb. 3 - 5: 1, 3, 4, 8 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing Sb. 15 - 1: Beurtsang: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs) 4 (almal); Seën; Amenlied: Sb. 13 - 3.

**18:00 AANDDIENS:**
**Ds. Pieter van der Walt**

**Tema: Die vinger van God**
In die preek word drie voorbeelde uitgelig waar daar pertinent melding gemaak word van die vinger van God. Eintlik is God se hele skepping vol van sy vingermerke.
Die vinger van God verwys telkens na God self. Selfs die heidene het dit raakgesien.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 84 - 1: 1, 6; Votum; Seën; Sing Ps. 8 - 3: 1, 3 (Tweede melodie);

**Ons verootmoedig ons voor God**
Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Eksodus 8:16-19;
Eksodus 31:16-18;
Lukas 11:14-20
Teksverse: Eksodus 8:19; Eksodus 31:18 en
Lukas 11:20
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Lied 447: 1, 2; Wegstuurseën; Amenlied: Sb13-3.

**<u>Voorbidding:</u> September 2023**



Dra mekaar se laste Gal. 6.1: "*Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom. Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus*"

Bid saam dat die vrug van die Gees in elkeen van ons sigbaar sal word en die Here die eer daarvoor sal ontvang.

§ Dankie vir Skrifgetroue, goed voorbereide Woordverkondiging! Ons dra di. Piet, Pieter en Daan asook hul gesinne aan ons Hemelse Vader se versorging op. Mag hul liggaamlik en geestelik versterk word.
§ Ons bid saam vir elke ouderling, kleingroepleier en kategeet wat die goeie boodskap uitdra.
§ Ons bid vir elke diaken en sy/haar dienswerk en ons dank die Here saam vir liefdesgawes in ons gemeente! Dankie dat ons ook op 'n tasbare manier mekaar se laste kan help dra.
§ Ons bid en sê dankie vir ons gemeente se administratiewe personeel en hul mooi gawes: Dawie en Alta, Adele, Truida, Pieter - elkeen van die beeld- en klankspan asook ons werkers, Liesbet en Paul. Dankie vir jul werk sodat ons as gemeente rustige samekomste mag ervaar.
§ Ons bid vir die Kinderfees en almal wat saam beplan. Ons bid in besonder vir hierdie uitreik en dat kinders sal kom wat baie daaruit sal leer. Here, skenk asb. Die nodige middele in mense asook

fisiese hulpmiddels vir die fees om U Naam alleen te eer en te verhoog.

§ Ons bid saam vir ons gemeente se nagmaalete! Dankie vir vroue wat ook so diensbaar is en die eenheid onder gelowiges wil versterk! Ons dra ook die vroue se bediening in ons gemeente aan die Here op.

§ Bid saam vir almal wat siek is, herstel, eensaam of moedeloos is (name in die nuusbrief)!

§ Ons bid vir die mense in Afghanistan in besonder. Dit is reeds 2 jaar sedert die VSA onttrek het uit hierdie land. Bid saam dat onderdrukking van welke aard ookal en hongersnood 'n einde mag kry en mense hul toevlug tot U sal neem.

§ Bid vir die Topia-bediening – vir ds Johannes en sy geliefdes. Dankie vir mense wat ruim gee om te help. Ons dra sy baie noodsaaklike werk onder Afrika leiers aan U op. Mag sy werk geseën word in hulle wat smag na kennis van U Woord en praktiese uitlewing daarvan.

In die Naam van Jesus Christus, Amen

BID SAAM IN JOU PERSOONLIKE GEBEDE, HUISGODSDIENS EN KLEIN-GROEPE VIR HIERDIE SAKE.

## MEELEWING

- Marthie Andersen het hierdie week haar tweede chemoterapie ontvang en ons bid haar baie sterkte toe en dat die behandeling suksesvol mag wees.
- Annatjie Truter het 'n mantel-vliesbreukoperasie ondergaan en sterk tuis aan. Haar suster is ook met kanker gediagnoseer. Ons dink aan hulle.
- Andries du Plessis se bloedtoetse lyk alles goed behalwe sy ystervlak. Hy is in MooiMed opgeneem sodat hulle sy ystervlak binne-aars kan aanvul. Hy het baie gewig verloor en moet weer bietjie aansterk.
- Tom Larney het Vrydag 'n oogoperasie ondergaan om bloeding in die oog te behandel.
- Magda Huisman ondergaan Woensdag 'n oogoperasie.
- Huib van Hamburg ondergaan môre 'n operasie om 'n kwaadaardige gewas aan sy dikderm te verwyder.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE WELKOM

Marie Schoeman, wat met attestaat vanaf GK Potchefstroom Die Bult by ons inskakel. Sy woon op Plot 160, Waterstraat, Wilgeboomplotte, groep 21.

## BAIE GELUK

- Hardus Kruger het 'n kleinseun ryker geword.
- Hendrik van der Walt het met Nadia Roberts in die huwelik getree. Nadia word opgeneem in die GKSA.
- Zak van Heerden en Natashia Wessels het in die huwelik getree.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 19
Tee en koffie
Diakonie: Vergadering en braai
15:30 Lofsang - kom sing saam en loof die Here!
18:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Kinderfees - ete-beplanning
18:30 Ouderlinge vergadering
Geen Bestuursdiensgroep

**Dinsdag**
06:00 Manne-Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8 - 10

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:00 Katkisasie gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Vrydag en Saterdag**
Kinderfees: Opleiding

**Volgende Sondag**
Nagmaal en ete

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teologiese Skool Biblioteek. (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 18 en 19.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 10 September**
Br Gerrie Badenhorst
Sr Driekie Coetzee *
Br Johan Fourie
Jbr Liam Fourie
Br Pieter Joubert
Sr René van Niekerk

**Maandag, 11 September**
Sr Anja Buijs
Sr Neldi Prinsloo

**Dinsdag, 12 September**
Jsr Juannè Victor
Sr Theonet Viljoen

**Woensdag, 13 September**
Sr Annette Coetsee *
Sr Josephine de Lange *
Sr Alta v Zyl

**Donderdag, 14 September**
Jbr Frans du Plessis
Sr Christa van der Walt

**Vrydag, 15 September**
Br Simon du Plooy

**Saterdag, 16 September**
Sr Ria Robberts

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## BESKIKBAARSTELLING VAN EREDIENSTE SE KLANKBANE OP WHATSAPP

Baie dankie: Anton Styger help ons met hierdie dienswerk! Alle preekreekse sedert Covid, asook die dagstukkies wat tydens Covid uitgestuur was en die jongste preekreekse is as klankbane beskikbaar om op WhatsApp geluister te word. Dit is ook handig en baie maklik om hierdie klankbane vir familie of vriende oor WhatsApp te stuur.
Lidmate wat belangstel om die preke voortaan so per WhatsApp te ontvang, moet asb hulle name vir Adele deurgee. Ons stuur gaan dit ook voortaan weekliks stuur aan die WhatsAppgroep wat ds Daan Bakker se dagstukkies ontvang. So kan die saad van die Woord nog verder gesaai word!

**KATKISASIELOKALE –**
**VORDERING MET BOUPROJEK**

Heelwat lidmate doen navraag oor die bou van die katkisasielokale soos deur die kerkraad en gemeente besluit is. Die Eiendommediensgroep het met die indien van die bouplanne by die stadsraad, ‘n probleem op die lyf geloop. Daar bestaan ‘n servituut vir elektriese bedrading van die Stadsraad wat deur ons kerkerf loop op die plek waar ons wil bou. Dit is nou al ‘n maandelange gespook met die Stadsraad om die probleem opgelos te kry. Sodra dit opgelos is, sal die bouwerk kan begin.

**KINDERFEES 2 - 6 OKT 2023**




Ons het die afgelope week begin met ons bemarking van die Kinderfees op sosiale media! HELP ONS ASB HIERMEE. Gaan kyk na ons “Potchefstroom Kinderfees” Facebookblad, klik op die “Volg”-skakel en deel ons blad met mens op jou sosiale media. Dit is baie efffektiewe bemarking! Ons gaan ook vir lidmate die bemarkingspamflet WhatsApp en vra dat julle dit stuur na vriende met laerskoolkinders.

Ons nooi susters wat graag wil help met die verversings vir die kinders om Maandag om 17:00 saam met ons te kom gesels in die Skuur.

Bid vir die Here se seën oor die Kinderfees asook vir die Diensgroep onder leiding van Engela van der Walt en Nicolette Visser.

**KERSMARK 2023**

Glo dit of nie - ons is reeds hard besig om hierdie jaar se Kersmark te beplan! Ons benodig dames wat bereid is om lap-voerings te help maak wat ons binne-in ons Inkopiemandjies (30) wil sit, sodat kleiner items nie verloor wat kopers daarin pak nie. Dan het ons ook dames nodig om die Inkopiesakke wat stukkend is, te herstel. Kontak asb vir Mariska vd Walt by 078 101 6262 indien jy hiermee kan help.




**DATUM OM TE ONTHOU!**

**DANKBAARHEIDSFEES - 28 OKTOBER**

Die Diakonie nooi die hele gemeente nou reeds uit na ‘n heerlike fees, Saterdag 28 Oktober!
Ete sal vroeg gereed wees om nie in te meng met rugby-tyd nie!

Soos vorige jare benodig ons weer skenkings, skakel Riaan vd Walt (082 784 9215) as jy hiermee kan help.

**GEMEENTEKAMP: 8-10 DESEMBER**

Hou solank hierdie datum oop om weer lekker saam te kamp! Almal is welkom! Kontak gerus vir Marlise Styger indien jy belangstel om saam te gaan.
Marlise – 083 655 8145

**GKSA-NUUS**

Doodsberig
Ds Dries Coetzer, emerituspredikant van GK Vereeniging, is op 4 September 2023 oorlede. Ds Coetzer was predikant van GK Uitschot 1966–1968, GK Mafeking 1968–1972, GK Koster 1972– 1976, en GK Vereeniging-Oos 1976–2005.

Beroep ontvang
Ds LD (Daniël) Myburgh van GK Venterstad na GK Otjiwarongo, Namibië.



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.

## SUSTERSBYDRAE en BLIKKIES-WARMHARTE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

*Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!*

## NAGMAALETE: 17 SEPTEMBER



Anna Smith en die susters van Blok B herinner u dat ons op 17 September 'n heerlike nagmaalete het! Hou hierdie datum reeds oop vir 'n piekniek buite onder die bome. Hulle benodig 'n hele paar gazebo's. Indien iemand daarmee kan help, skakel asb. die kerkkantoor.

**SKRYF ASB JOU NAAM OP DIE LYS IN DIE VOORPORTAAL OM JOU PLEK TE BESPREEK!**

## KWARTAALPROGRAM

| DERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| **Sept-Nov** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 17-Sep | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| 2-6 Okt | Week | 10:00 en 12:00 | Almal | Kinderfees |
| **24 Okt** | Dinsdag | 18:30 | Blok C | Potch-Oos Sustersafsluiting |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

## 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

## 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

# ALGEMENE INLIGTING

## LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

**Geref. Kerk Potchefstroom-Oos**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

**Diakonie**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

**Susters**
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010